KIDZONE KINDERKERK AANSOEKBELEID

Vereistes vir Mense wat Aansoek doen

1. **Persoonlike Geloof**
   Aktiewe, persoonlike geloof in Jesus Christus is noodsaaklik. Dit moet sigbaar wees in jou bywoning van dienste en betrokkenheid in gemeente aktiwiteite. Daaglikse Bybellees/studie en gebed is deel van ‘n aktiewe geloofslewe.
2. **Bybelkennis**
   Die aansoeker moet oor bo-gemiddelde kennis van die Bybel se kernverhale beskik.
3. **Kerklidmaatskap**
   Die aansoeker moet ‘n gedoopte lidmaat van die gemeente wees.
4. **Leefstyl**
   Die aansoeker se leefstyl moet Christelike waardes weerspieël. Die aansoeker kan nie betrokke wees by aktiwiteite of beskuldig word van gedrag wat die gemeente in diskrediet bring nie.
5. **Kinderbediening**
   Die aansoeker moet kan getuig van ‘n roeping om met kinders te werk en moet ‘n gesonde en natuurlike aanvoeling vir kinders hê. Dit veronderstel die begeerte om te groei in Kinderbediening deur selfstudie asook die bywoning van kursusse wat aangebied word.
6. **Spanwerk**
   Kinderbediening veronderstel spanwerk. Die aansoeker moet gemaklik wees met spanwerk en die belange van die kind kry voorkeur bo ego’s wat nie kan hande vat nie.

Aansoekproses

1. **Aanvanklike Kontak**
   As jy aan bogenoemde vereistes voldoen en belangstel om deel te word van die gemeente se Kinderbediening, moet jy die Bedieningsleier direk kontak (William Scheepers – 079 514 1550)

2. **Onderhoud en Assessering**
   Die bedieningsleier sal ‘n onderhoud met jou reël waartydens die volgende ter sprake sal wees:
   a. Lidmaatskap, Bybelkennis en geloofslewe
   b. Kindervriendelikheid (hart vir kinders) en vermoë om kinders te hanteer
   c. Onderrig ervaring en vermoë
   d. Span-aanpasbaarheid

3. **Proeftydperk**

Na ‘n suksesvolle onderhoud word die aansoeker vir drie maande op ‘n proefbasis deel van die span.

4. **Evaluering en Aanstelling**
   Na die proeftydperk word die aansoeker ge-evalueer en potensieël as ‘n permanente lid van die span verwelkom. Die aansoeker kry ook geleentheid om te evalueer of hy/sy wil voortgaan met kinderbediening.

Kleredrag

1. Om met kinders te werk verg kreatiwiteit en aktiwiteite. Die aanbeveling is dus gemaklike klere wat beweging vergemaklik.
2. Keleredrag moet sinlik wees en paslik by iemand wat in diens van Jesus Christus staan.
3. Kidzone laat maak van tyd tot tyd t-hemde wat jou uitken as ‘n lid van die Kinderbediening.

Verdere Oorwegings

1. Kidzone is **inklusief** en diskrimineer nie op grond van ras, etnisiteit, geslag of gestremdheid nie. Dit geld vir die kinders sowel as die personeel.
2. Deurlopende **Toewyding.** Spanlede moet bereid wees om elke week goed voor te berei vir Sondag se klas. Afwesigheid moet vermy word en vroegtydige reëlings moet getref word indien ‘n spanlid wat aan diens is nie sy/haar verpligting kan nakom nie. Die bereidheid tot voordurende opleiding en skerpmaak van vaardighede word hierby ingesluit.